



STAATSKOERANT
VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
GOVERNMENT GAZETTE

REGULASIEKOERANT No. 2877

PRYS + 1c AVB 20c PRICE + 1c GST

REGULATION GAZETTE No. 2877

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

BUITELANDS 30c ABROAD

Registered at the Post Office as a Newspaper

POSVRY · POST FREE

Vol 171]

PRETORIA, 21 SEPTEMBER 1979

[No. 6673

GOEWERMENSKENNISGEWINGS

**DEPARTEMENT VAN MANNEKRAG-
BENUTTING**

No. R. 2075

21 September 1979

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956

**SUIKERVERVAARDIGINGS- EN -RAFFINEER-
NYWERHEID, NATAL.—OOREENKOMS**

Ek, Stephanus Petrus Botha, Minister van Mannekragbenutting, verklaar hierby—

(a) kragtens artikel 48 (1) (a) van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, dat die bepalings van die Ooreenkoms wat in die Bylae hiervan verskyn en op die Suikervervaardigings- en -raffineer-nywerheid betrekking het, met ingang van die eerste Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 31 Maart 1981 eindig, bindend is vir die werkgewersorganisasie en die vakverenigings wat genoemde Ooreenkoms aangegaan het en vir die werkgewers en werknemers wat lede van genoemde organisasie of verenigings is;

(b) kragtens artikel 48 (1) (b) van genoemde Wet, dat die bepalings van genoemde Ooreenkoms, uitgesonderd dié vervat in klousules 1 (1) en 2, met ingang van die eerste Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 31 Maart 1981 eindig, bindend is vir alle ander werkgewers en werknemers as dié genoem in paragraaf (a) van hierdie kennisgewing, wat betrokke is by of in diens is in genoemde Nywerheid in die gebiede gespesifiseer in klousule 1 (2) van genoemde Ooreenkoms; en

(c) kragtens artikel 48 (3) (a) van genoemde Wet, dat die bepalings van genoemde Ooreenkoms, uitgesonderd dié vervat in klousules 1 (1), 2, 5 (7) en 23 (2), met ingang van die eerste Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 31 Maart 1981 eindig, in die gebiede gespesifiseer in klousule 1 (2) van genoemde Ooreenkoms *mutatis mutandis* bindend is vir alle Swartes in

GOVERNMENT NOTICES

**DEPARTMENT OF MANPOWER
UTILISATION**

No. R. 2075

21 September 1979

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956

**SUGAR MANUFACTURING AND REFINING
INDUSTRY, NATAL.—AGREEMENT**

I, Stephanus Petrus Botha, Minister of Manpower Utilisation, hereby—

(a) in terms of section 48 (1) (a) of the Industrial Conciliation Act, 1956, declare that the provisions of the Agreement which appears in the Schedule hereto and which relates to the Sugar Manufacturing and Refining Industry, shall be binding, with effect from the first Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 31 March 1981, upon the employers' organisation and the trade unions which entered into the said Agreement and upon the employers and employees who are members of the said organisation or unions;

(b) in terms of section 48 (1) (b) of the said Act, declare that the provisions of the said Agreement, excluding those contained in clauses 1 (1) and 2, shall be binding, with effect from the first Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 31 March 1981, upon all employers and employees other than those referred to in paragraph (a) of this notice, who are engaged or employed in the said Industry in the areas specified in clause 1 (2) of the said Agreement; and

(c) in terms of section 48 (3) (a) of the said Act, declare that in the areas specified in clause 1 (2) of the said Agreement and with effect from the first Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 31 March 1981, the provisions of the said Agreement, excluding those contained in clauses 1 (1), 2, 5 (7) and 23 (2), shall *mutatis mutandis* be binding upon all Blacks

diens in genoemde Nywerheid by dié werkgewers vir wie enigeen van genoemde bepalings ten opsigte van werknemers bindend is en vir daardie werkgewers ten opsigte van Swartes in hul diens.

S. P. BOTHA, Minister van Mannekragbenutting.

No. R. 2076

21 September 1979

WET OP FABRIEKE, MASJINERIE EN BOUWERK, 1941

SUIKERVERVAARDIGINGS- EN -RAFFINEER- NYWERHEID, NATAL

Ek, Stephanus Petrus Botha, Minister van Mannekragbenutting—

(a) verklaar hierby, kragtens artikel 22 (1) van die Wet op Fabriek, Masjinerie en Bouwerk, 1941, dat die bepalings van die Ooreenkoms en kennisgewing in verband met die Suikervervaardigings- en -raffineernywerheid, gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 2075 van 21 September 1979, oor die algemeen vir werknemers wie se werkure en besoldiging ten opsigte van oortydwerk, openbare feesdae en werk op Sondae en openbare feesdae daarby gereël word, nie minder gunstig is nie as die desbetreffende bepalings van genoemde Wet; en

(b) stel hierby, kragtens artikel 54 (1) van genoemde Wet en met ingang van die eerste Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir sodanige tydperk of tydperke as wat genoemde Ooreenkoms kragtens die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, bindend mag wees, alle werkgewers wat onderworpe is aan die bepalings van genoemde Ooreenkoms, vry van die vereistes van artikel 21A van eersgenoemde Wet, ten opsigte van werknemers wat ingevolge genoemde ooreenkoms op siektebystand geregtig is.

S. P. BOTHA, Minister van Mannekragbenutting.

BYLAE

NYWERHEIDSRaad VIR DIE SUIKERVERVAARDIGINGS- EN -RAFFINEERNYWERHEID

OOREENKOMS

ingevolge die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, gesluit deur en aangegaan tussen—

The Sugar Manufacturing and Refining Employers' Association

(hierna die "werkgewers" of die "werkgewersorganisasie" genoem), aan die een kant, en

The Amalgamated Engineering Union;
The Natal Sugar Industry Employees' Union;
The South African Electrical Workers' Association;
The Sugar Industry Employees' Association; en
S.A. Boilermakers, Iron and Steel Workers, Shipbuilders and Welders Society;

(hierna die "werknemers" of die "vakverenigings" genoem), aan die ander kant,

wat die partye is by die Nywerheidsraad vir die Suikervervaardigings- en -raffineernywerheid, Natal.

INHOUDSOPGAWE

Klousule	Onderwerp	Bladsy No.
1.....	Toepassingsbestek van Ooreenkoms.....	3
2.....	Geldigheidsduur van Ooreenkoms.....	3
3.....	Woordomskrywing:	
3 (1) en 3 (2)	Algemene omskrywings.....	3
3 (3)....	Werkomskrywing en grade.....	4
3 (4)....	Tegniese omskrywings.....	15
3 (5)....	Omskrywings van basiese pligte van assistent-onderhoudswerkers en onderhoudswerkers	15

employed in the said Industry by the employers upon whom any of the said provisions are binding in respect of employees and upon those employers in respect of Blacks in their employ.

S. P. BOTHA, Minister of Manpower Utilisation.

No. R. 2076

21 September 1979

FACTORIES, MACHINERY AND BUILDING WORK ACT, 1941

SUGAR MANUFACTURING AND REFINING INDUSTRY, NATAL

I, Stephanus Petrus Botha, Minister of Manpower Utilisation—

(a) hereby, in terms of section 22 (1) of the Factories, Machinery and Building Work Act, 1941, declare the provisions of the Agreement and notice relating to the Sugar Manufacturing and Refining Industry, published under Government Notice R. 2075 of 21 September 1979, to be, on the whole, not less favourable to the employees whose hours of work and remuneration in respect of overtime, public holidays and work on Sundays and public holidays are regulated thereby, than the relative provisions of the said Act; and

(b) hereby, in terms of section 54 (1) of the said Act and with effect from the first Monday after the date of publication of this notice and for such period or periods as the said Agreement may be binding in terms of the Industrial Conciliation Act, 1956, exempt all employers who are subject to the provisions of the said Agreement from the requirements of section 21A of the first-mentioned Act, in respect of employees who are entitled to sick pay in terms of the said Agreement.

S. P. BOTHA, Minister of Manpower Utilisation.

SCHEDULE

INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE SUGAR MANUFACTURING AND REFINING INDUSTRY

AGREEMENT

in accordance with the provisions of the Industrial Conciliation Act, 1956, made and entered into by and between—

The Sugar Manufacturing and Refining Employers' Association

(hereinafter referred to as the "employers" or the "employers' organisation"), of the one part, and

The Amalgamated Engineering Union;
The Natal Sugar Industry Employees' Union;
The South African Electrical Workers' Association;
The Sugar Industry Employees' Association; and
S.A. Boilermakers, Iron and Steel Workers, Shipbuilders and Welders Society;

(hereinafter referred to as the "employees" or the "trade unions"), of the other part,

being parties to the Industrial Council for the Sugar Manufacturing and Refining Industry, Natal.

INDEX

Clause	Subject	Page No.
1.....	Scope of application of agreement.....	3
2.....	Period of operation of agreement.....	3
3.....	Definitions:	
3 (1) and 3 (2)	General definitions.....	3
3 (3)....	Job definitions and grades.....	4
3 (4)....	Technical definitions.....	15
3 (5)....	Definitions of basic duties of assistant maintenance workers and maintenance workers	15

INHOUDSOPGAWE

Klousule	Onderwerp	Bladsy No.
4.....	Besoldiging.....	18
5.....	Betaling van besoldiging.....	20
6.....	Werkure, gewone en oortydure en betaling vir oortydwerk.....	21
7.....	Jaarlikse verlof.....	22
8.....	Vakansiebonus.....	23
9.....	Openbare vakansiedae en Sondae.....	24
10.....	Siekteverlof.....	24
11.....	Aansporingskema.....	25
12.....	Beskermende klere en toestelle.....	26
13.....	Logboek.....	26
14.....	Verbod op indiensneming van enigiemand onder die ouderdom van 15 jaar.....	26
15.....	Beeindiging van dienskontrak.....	26
16.....	Dienssertifikaat.....	27
17.....	Vrystellings.....	27
18.....	Uitgawes van die Raad.....	27
19.....	Ultra vires.....	27
20.....	Tyd- en loonregister.....	27
21.....	Eksemplaar van Ooreenkoms moet vertoon word.....	28
22.....	Klassifikasiekomitee.....	28
23.....	Administrasie van Ooreenkoms.....	28

1. TOEPASSINGSBESTEK VAN OOREENKOMS

Hierdie Ooreenkoms moet in die Suikervervaardigings- en -raffineernywerheid, Natal, nagekom word—

(1) deur alle werkgewers wat lede van die werkgewers-organisatie is en deur alle werknemers wat lede van die vakverenigings is;

(2) in die landdrostdistrikte Durban (uitgesonderd daardie gedeelte wat voor die publikasie van Goewermenskennisgewing 1401 van 16 Augustus 1968 binne die landdrostdistrik Umlazi geval het), Hlabisa, Inanda, Lower Tugela, Lower Umfolozi, Mtunzini, Pinetown, Port Shepstone en Umzinto, en in die landdrostdistrik Eshowe soos omskryf, voor die heromskrywing van sy plaaslike grense by Goewermenskennisgewing 1356 van 6 September 1963;

(3) ondanks subklousules (1) en (2), is hierdie Ooreenkoms—

(a) van toepassing slegs op werknemers vir wie lone in hierdie Ooreenkoms voorgeskryf word;

(b) van toepassing op vakleerlinge vir sover dit nie onbestaanbaar is met die Wet op Vakleerlinge, 1944, of met 'n kontrak wat daarkragtens aangegaan of voorwaardes wat daarkragtens gestel is nie.

2. GELDIGHEIDSDUUR VAN OOREENKOMS

Hierdie Ooreenkoms tree in werking op dié datum wat kragtens artikel 48 van die Wet deur die Minister van Mannekragbenutting vasgestel word en bly van krag tot 31 Maart 1981 of vir sodanige ander tydperk as wat hy bepaal.

3. WOORDOMSKRYWING

Algemene omskrywings

(1) Alle uitdrukkings wat in hierdie Ooreenkoms gebesig en in die Wet omskryf word, het dieselfde betekenis as in genoemde Wet; waar daar van 'n Wet melding gemaak word, word ook alle wysigings van sodanige Wet bedoel, en tensy die teenoorgestelde bedoeling blyk, word met woorde wat die manlike geslag aandui, ook vroue bedoel; voorts, tensy onbestaanbaar met die sinsverband, beteken—

“Wet” die Wet op Nywerheidsversoening, 1956;

“vakleerling” 'n werknemer wat diens doen ooreenkomstig 'n skriftelike leerkontrak wat deur die Raad erken word of wat ingevolge die Wet op Vakleerlinge, 1944, geregistreer is;

“roep tyd” enige werkperiode wat van 'n werknemer vereis word buite sy gewone werkure en ten opsigte waarvan hy nie voor die voltooiing van sy gewone werkperiode gewaarsku is om hom op 'n bepaalde tyd vir diens aan te meld nie, en met betrekking tot 'n skofwerker, as van hom vereis word om hom met minder as agt uur kennisgewing vir diens aan te meld;

“los werknemer” 'n werknemer wat hoogstens drie dae in 'n bepaalde week by dieselfde werkgewer in diens is;

“chemiese werk” die verrigting van chemiese manipulasies, die opstel, aanpassing of vasstelling van die formules van stowwe en die analitiese kontrolering van die chemiese verwerking van onverwerkte of halfklaar of klaar produkte;

“Raad” die Nywerheidsraad vir die Suikervervaardigings- en -raffineernywerheid;

INDEX

Clause	Subject	Page No.
4.....	Remuneration.....	18
5.....	Payment of remuneration.....	20
6.....	Hours of work, ordinary and overtime, and payment for overtime.....	21
7.....	Annual leave.....	22
8.....	Holiday bonus.....	23
9.....	Public holidays and Sundays.....	24
10.....	Sick leave.....	24
11.....	Incentive scheme.....	25
12.....	Protective clothing and appliances.....	26
13.....	Log book.....	26
14.....	Prohibition of employment of any person under the age of 15 years.....	26
15.....	Termination of contract of employment.....	26
16.....	Certificate of service.....	27
17.....	Exemptions.....	27
18.....	Expenses of the Council.....	27
19.....	Ultra vires.....	27
20.....	Time and wages register.....	27
21.....	Copy of Agreement to be exhibited.....	28
22.....	Classification committee.....	28
23.....	Administration of Agreement.....	28

1. SCOPE OF APPLICATION OF AGREEMENT

The terms of this Agreement shall be observed in the Sugar Manufacturing and Refining Industry, Natal—

(1) by all employers who are members of the employers' organisation and by all employees who are members of the trade unions;

(2) in the Magisterial Districts of Durban (excluding that portion which, prior to the publication of Government Notice 1401 of 16 August 1968, fell within the Magisterial District of Umlazi), Hlabisa, Inanda, Lower Tugela, Lower Umfolozi, Mtunzini, Pinetown, Port Shepstone and Umzinto, and in the Magisterial District of Eshowe as defined prior to the redefinition of its local limits under Government Notice 1356 of 6 September 1963.

(3) Notwithstanding the provisions of subclauses (1) and (2), the terms of this Agreement shall—

(a) only apply in respect of employees for whom wages are prescribed in this Agreement;

(b) apply to apprentices in so far as they are not inconsistent with the provisions of the Apprenticeship Act, 1944, or any contract entered into or condition fixed thereunder.

2. PERIOD OF OPERATION OF AGREEMENT

This Agreement shall come into operation on such date as may be fixed by the Minister of Manpower Utilisation in terms of section 48 of the Act, and shall remain in force until 31 March 1981, or for such other period as may be determined by him.

3. DEFINITIONS

General definitions

(1) Any expressions used in this Agreement which are defined in the Act shall have the same meanings as in that Act; a reference to an Act shall include any amendments of such Act, and unless the contrary intention appears words importing the masculine gender shall include females; further, unless inconsistent with the context—

“Act” means the Industrial Conciliation Act, 1956;

“apprentice” means an employee serving under a written contract of apprenticeship recognised by the Council, or registered under the Apprenticeship Act, 1944;

“call-out” means any period of work required of an employee outside his normal hours of work in respect of which he has not received warning before completion of his normal work period requiring him to report for duty at a specified time, and in relation to a shift worker if he is required to report for duty with less than eight hours' notice;

“casual employee” means an employee who is employed by the same employer on not more than three days in any week;

“chemical work” means the performance of chemical manipulations, the devising, adjusting or ascertaining of the formulae of substances and the analytical control of the chemical processing of raw or semi-manufactured or finished products;

“Council” means the Industrial Council for the Sugar Manufacturing and Refining Industry;

"dag" die tydperk van 24 uur vanaf middernag tot middernag: Met dien verstande dat dit in die geval van 'n skofwerker 'n tydperk van 24 uur beteken wat gereken word vanaf die tyd waarop die werknemer begin werk;

"noodwerk" alle werk wat weens 'n storm, oorstrooming, brand, ongeluk, epidemie, gewelddaad, diefstal of onklaarmaking van installasie of masjinerie of ander onvoorsiene noodtoestand, onverwyld verrig moet word;

"bedryfsinrigting" enige perseel waar die Suikervervaardigings- en -raffineerwerk beoefen word;

"skofwerker" 'n werknemer wat skofwerk verrig in 'n bedryfsinrigting waar daar op vyf of ses dae per week twee of drie skofte per dag gewerk word;

"korttyd" 'n tydelike vermindering van die getal gewone werkure vanweë algemene onklaarmaking van die installasie of masjinerie as gevolg van 'n ongeluk, oorstrooming of ander onvoorsiene noodtoestand, vanweë omstandighede buite die werkgewer se beheer, of handelslapse of grondstoftekort;

"Suikervervaardigings- en -raffineerwerk" of "Nywerheid" die Nywerheid waarin werkgewers en werknemers met mekaar geassosieer is vir die vervaardiging en/of raffinering van suiker in bedryfsinrigtings wat ingevolge die Wet op Fabriek, Masjinerie en Bouwerk, 1941, geregistreer moet word;

"loon" die bedrag geld wat ingevolge klousule 4 (1) aan 'n werknemer betaalbaar is ten opsigte van sy gewone werkure soos in klousule 6 voorgeskryf: Met dien verstande dat—

(i) as 'n werkgewer aan 'n werknemer gereeld ten opsigte van sodanige gewone werkure 'n bedrag betaal wat hoër is as dié in klousule 4 (1) voorgeskryf, dit sodanige hoër bedrag beteken;

(ii) die eerste voorbehoudsbepaling nie so uitgelê mag word nie dat dit die besoldiging bedoel of insluit wat 'n werknemer, werksaam op enige grondslag soos in klousule 11 vasgestel, ontvang bo en behalwe die bedrag wat hy sou ontvang het as hy nie op sodanige grondslag gewerk het nie.

(2) By die klassifisering van 'n werknemer vir die toepassing van hierdie Ooreenkoms, word hy geag in dié klas te wees waarin hy uitsluitlik of hoofsaaklik werksaam is.

(3) Werkomskrywing en grade:

"day" means the period of 24 hours from midnight to midnight: Provided that in the case of a shift worker it means a period of 24 hours reckoned from the time an employee commences work;

"emergency work" means any work which, owing to storm, flood, fire, accident, epidemic, act of violence, theft, a breakdown of plant or machinery, or other unforeseen emergency, must be done without delay;

"establishment" means any premises on which the Sugar Manufacturing and Refining Industry is carried on;

"shift worker" means an employee who is engaged on shift work in an establishment in which two or three shifts per day, for five or six days per week, are worked;

"short-time" means a temporary reduction in the number of ordinary hours of work due to a general breakdown of plant or machinery caused by accident, flood or other unforeseen emergency, to circumstances beyond the employer's control or to slackness of trade or shortage of raw material;

"Sugar Manufacturing and Refining Industry" or "Industry" means the Industry in which employers and employees are associated for the manufacture and/or refining of sugar in establishments which are liable to registration under the Factories, Machinery and Building Work Act, 1941;

"wage" means the amount of money payable to an employee in terms of clause 4 (1) in respect of his ordinary hours of work as prescribed in clause 6: Provided that—

(i) if an employer regularly pays an employee in respect of such ordinary hours of work an amount higher than that prescribed in clause 4 (1), it means such higher amount;

(ii) the first proviso shall not be construed so as to refer to or include any remuneration which an employee who is employed on any basis provided for in clause 11 receives over and above the amount which he would have received if he had not been employed on such a basis.

(2) In grading an employee for the purposes of this Agreement, he shall be deemed to be in that grade in which he is wholly or mainly employed.

(3) Job definitions and grades:

Werkbenaming	Graad	Omskrywing
Ambagsman.....	C2	'n Werknemer wat 'n leerkontrak ingevolge die Wet op Vakleerlinge, 1944, uitgedien het of wat 'n vaardigheidsertifikaat besit wat kragtens artikel 6 van die Wet op Opleiding van Ambagsmanne, 1951, deur die Registrateur van Vakleerlinge aan hom uitgereik is, of 'n sertifikaat deur genoemde Registrateur aan hom uitgereik ingevolge of artikel 2 (7) of 7 (3) van genoemde Wet op Opleiding van Ambagsmanne, 1951, of 'n werknemer wat deur die Raad as ambagsman in die Nywerheid gesertifiseer is omdat hy minstens vyf jaar ononderbroke ambagsmanwerk verrig het en sy kwalifikasies of ondervinding hom na die mening van die Raad op sodanige sertifikaat geregtig maak.
Ambagsman se handlangers.....	A2	'n Werknemer wat opgelei is om 'n ambagsman behulpsaam te wees, en wat toepaslike gereedskap en uitrusting kan uitken.
Assistent-onderhoudswerker.....	B2	'n Werknemer wat— (a) onder toesig van 'n ambagsman enige herhalende deel van die werk in die ambag wat hy beoefen, verrig; (b) onder toesig van 'n ambagsman en na skriftelike kennisgewing aan die Nywerheidsraad leer om onderhoudswerker te word, en wat vir 'n tydperk van hoogstens drie jaar in dié hoedanigheid in diens kan wees. Die omvang van die werk wat deur 'n assistent-onderhoudswerker verrig word, word in subklousule (5) uiteengesit.
Assistent-pankoker.....	B3	'n Werknemer wat onder toesig van 'n pankoker toesig het oor een of meer vakuumpanne en dit bedien.
Assistent-drukmasjienbediener.....	B1	'n Werknemer wat die drukmasjienbediener behulpsaam is en hom kan aflas by druk- of kopieeruitrusting.
Assistent-prosestoeshouers.....	B4	'n Werknemer wat 'n prosestoeshouer behulpsaam is met alle prosesfunksies vanaf verheldering tot versending, uitgesonderd die panyvloer.
Assistent-toetsers.....	B1	'n Werknemer wat onder toesig van 'n toetsers monsters voorberei en roetine-ontleding doen.
Versorger van outomatiese filters.....	B2	'n Werknemer wat 'n reeks outomatiese filters versorg.
Vaswerker van filtreersakke van outomatiese filters.....	A3	'n Werknemer wat nuwe/opgeknapte filtreersakke aan rame van outomatiese filters vaswerk.
Bediener van 'n bagasse-graafmasjien.....	B1	'n Werknemer wat 'n bagasse-graafmasjien bedien.
Bediener van bagasse-aflaai-uitrusting.....	A3	'n Werknemer wat bagasse-aflaai-uitrusting bedien.
Saktoewerker.....	A2	'n Werknemer wat vol suikersakke wat deur 'n outomatiese naaimasjien toegemaak is, toewerk.
Sakmassameter.....	A2	'n Werknemer wat 'n outomatiese masjien bedien wat sakke maak en/of sakke op 'n vooraf gestelde massameter massameet.
Baalpers-/laaimasjienverseëlaar.....	A2	'n Werknemer wat baalperse met selfoopmaaksuikersakke vul, met gebruikmaking van 'n baalmasjien, en wat die vol baalperse verseël.
"Bobcat"-drywer.....	B1	'n Werknemer wat 'n "Bobcat"-voertuig dryf.

Werkbenaming	Graad	Omskrywing
Stoomketelbediener.....	C1	'n Werknemer wat in besit is van 'n Staatstoomketelbedienersertifikaat en wat toesig het oor stoomketels in 'n bedryfsinrigting of 'n afdeling van 'n bedryfsinrigting, e wat verantwoordelik is vir die handhawing van die waterstand en stoomdruk van stoomketels.
Stoomketelvoerpompbediener (graad I)	B1	'n Werknemer wat onder toesig van 'n stoomketelbediener, graad I, verantwoordelik is vir die toevoer van voerwater na die stoomketels, die kontrole van druk, temperatuur en die smering van turbines, die toevoer van verkoelingswater na die laers, en die pomp van water na verwarmers en stoomakkumulators.
Stoomketelvoerpompbediener (graad II)	A3	'n Werknemer wat onder toesig van die stoomketelbediener, graad I, verantwoordelik is vir die toevoer van voerwater na die stoomketels, deur die korrekte tenkstande vanuit 'n pomphuis of alternatiewe watertoewoerbronne te handhaaf.
Stoomketelhuishandlangster.....	A2	'n Werknemer wat brandstofvoerhekke met die hand oop- en toemaak, die voermotor aan- en afskakel, brandstofsmoorkleppe skoonmaak, die steenkooltoevoer kontroleer en wat die as en klinkers onder stoomketels kan verwyder, die watertoewoer handhaaf en help om toevoerwatermonsters te neem.
Stoomketelhuistoeshouer.....	B4	'n Werknemer wat 'n stoomketelbediener behulpsaam is by alle aspekte van stoomopwekking en wat toesig hou oor stoomketelhuisklankers.
Stoomketelversorger (graad I).....	B2	'n Werknemer wat onder toesig van die stoomketelbediener, toesig het oor outomatiese stoomketels, wat die doeltreffendheid van die stoomproduksie handhaaf deur die temperatuur en produksie by 'n kontrolepaneel na te gaan, wat gegewens opteken, die water- en bagasse-toevoer reguleer, die afblaas kontroleer, die toevoer regstel, en die oond gereed maak vir stoking.
Stoomketelversorger (graad II).....	B1	'n Werknemer wat 'n stoomketelversorger, graad I, behulpsaam is met sy pligte of een of meer outomatiese stoomketels bedien, sonder om funksies op te teken.
Ketelsteenskoonmaker.....	A2	'n Werknemer wat pype wat met ketelsteen aangepak is, skoonmaak, met gebruikmaking van 'n kragaangedrewe draaiwerktuig.
Stootskrapeerdrywer.....	B1	'n Werknemer wat 'n ligte stootskrapeer dryf.
Versorger van brixapparaat.....	B1	'n Werknemer wat soetstroom- en waterpompe in 'n panhuis versorg, brixinstrumente monitor en grafieke lees wat die graad van brix weergee.
Grofskilder.....	A2	'n Werknemer wat onafgebakende verfwerk op 'n verskeidenheid oppervlakke verrig en ook die nodige voorbereidingswerk doen.
Bediener van bliknaatvormingsmasjien	A2	'n Werknemer wat 'n strooobliknaatvormingsmasjien bedien.
Rietmesopknapper.....	B3	'n Werknemer wat onder toesig van 'n ambagsman 'n verslyte mes in 'n setmaat vasklamp om die regte snyhoek te verseker; die verslyte punt van die lem afsny; met 'n setmaat 'n nuwe mespunt sny; die harde werkkant met gebruikmaking van 'n patroon vasstel; hardvlakking aanwend; die punt in die setmaat vasklamp en dit met 'n vooraf gestelde reguitvlamsnyer afkant; die lem en die punt in die setmaat vasklamp en dit stuikswaai.
Bediener van 'n rietgryper.....	B1	'n Werknemer wat 'n rietgryper bedien, rietmonsters uithaal, hulle gereed maak en ontleed vir vreemde stof, en wat toesig kan hou oor 'n rietgrypermonsternemer.
Rietgrypermonsternemer.....	A3	'n Werknemer wat 'n bediener van 'n rietgryper help om rietmonsters gereed te maak en te ontleed vir vreemde stof.
Toeshouer oor rietwerf.....	B4	'n Werknemer wat toesig hou oor werknemers op die rietwerf, wat die ontvangs en stapeling van rietbondels kontroleer, wat suikerriet volgens soort en teen die vereiste spoed in die meul voer en wat die S.A.S.-trokvervoer kontroleer.
Eethuisassistent.....	A2	'n Werknemer wat sagte ware in 'n eethuis verkoop, die kontant hanteer en behulpsaam is by voorraadopname.
Toeshouer oor 'n karbonatiseerstasie	B4	'n Werknemer wat beheer het oor 'n aantal werknemers graad B3 en laer gegradeerde werknemers in 'n karbonatiseerhuis, wat voorligting kan gee in verband met die uitrusting en dit kan bedien en wat die betrokke registers kan byhou.
Bediener van 'n "Centrifugal".....	A3	'n Werknemer wat om die beurt hand-, bondel-, aaneenwerkende of outomaties veranderlike "Centrifugals" bedien.
Toeshouer oor 'n verkoolhuis.....	B4	'n Werknemer wat beheer het oor werknemers graad B3 en laer gegradeerde werknemers in 'n verkoolhuis, wat voorligting gee in verband met die uitrusting en dit kan bedien en wat die betrokke registers kan byhou.
Chemikus.....	C3	'n Werknemer wat in beheer is van 'n laboratorium waar chemiese werk verrig word, met inbegrip van manipulerings, die gebruik van formules en analitiese kontroliering.
Chevron-groepsnyer.....	A3	'n Werknemer wat gietysterkepe/-chevrons in 'n vooraf gesnyde bestaande chevronpatroon op 'n meulroller uitkap, met gebruikmaking van 'n druklugbeitelmasjien.
Opvangbakversorger.....	A2	'n Werknemer wat die vloei van sap, vesel of ander produkte deur die meule en opvangbakke nagaan en die vloei daarvan aanhelp deur verstoppings waar nodig uit die weg te ruim.
Hoofversorger van houers (bakke of tenks)	A2	'n Werknemer wat houers met soetstroom, stroom of verbrande bene vul.
Verpakker van houers.....	A2	'n Werknemer wat die bodems van houers uittel met geperforeerde plaat en gefiltreerde doek om te voorkom dat die verkoelde bene in aanraking kom met die stroom.
Versorger van skeidingtenks.....	A3	'n Werknemer wat toesien dat die pH-kontroletoestelle in korreksietenks behoorlik werk, wat 'n aantal skeidingtenks versorg, toetse afneem en die nodige aanpassings maak.
Toeshouer oor skeidingtenkseksie...	B4	'n Werknemer wat toesig hou oor graad B3- en laer gegradeerde bedieners in die skeidingtenkseksie.
Bediener van uitrusting in sapskeidingseksie	B2	'n Werknemer wat die uitrusting in die sapskeidingseksie bedien, met die hulp van die proesestoesighouer waar nodig, bv. by aansakeling.
Versorger van skeidingstoestelle.....	A2	'n Werknemer wat moddersappompe volgens die digtheid van die moddersap aan- en afskakel, die sap se helderheid ondersoek en die toevoer en afvloei reguleer om die maksimum helderheid te verkry.
Skoonmaker.....	A2	'n Werknemer wat uitrusting was en ontsmet, soos meule en houers wat die onverwerkte sap opvang.
Klerk—Roetine.....	A3	'n Werknemer wat eenvoudige take verrig wat volledig omskryf is ten opsigte van doel, metode en werking, bv. eenvoudige optel, aftrek, vermenigvuldiging, deling, persentasies of die oordra of vergelyking van inligting. Daar word nie beslissings vereis wat die werkresultaat wesenlik sal beïnvloed nie, d.w.s. ingewikkelde aanpassings of kontrole betreffende die logiese word nie verlang nie.

Werkbenaming	Graad	Omskrywing
Klerk (graad I).....	B3	'n Werknemer wat halfgeskoolde take verrig wat vereis dat hy beslissings moet neem wanneer daar nuwe omstandighede opduik waar optrede nie vooraf bepaal kan word nie. Die volle omvang van klerklike prosesse in 'n seksie word uitgevoer en kennis van hoe dié prosesse onderling verband hou, is noodsaaklik vir die suksesvolle voltooiing daarvan.
Klerk (graad II).....	B2	'n Werknemer wat halfgeskoolde take verrig wat vereis dat hy beslissings moet neem wanneer daar nuwe omstandighede opduik waar optrede nie vooraf bepaal kan word nie. Take behels veelvoudige klerklike prosesse van kort siklusse.
Klerk (graad III).....	B1	'n Werknemer wat halfgeskoolde take verrig wat vereis dat hy beslissings moet neem wanneer daar nuwe omstandighede opduik waar optrede nie vooraf bepaal kan word nie. Take is beperk tot enkelvoudige klerklike prosesse van kort siklusse, bv. eenvoudige kosteberekenings- en boekhouprosedures.
Klerk—Toesighoudende.....	B4	'n Werknemer wat die werk van klerke graad B3 en laer gegradeerde klerke koördineer.
Klerk—Geskoolde.....	C1	'n Werknemer wat 'n groep roetines of prosesse kies en take verrig wat kennis vereis van goed gevestigde reëls, regulasies en prosedures betreffende groepe ingewikkelde klerklike stelsels (bv. voorrade, finansiële boekhouding en kosteberekening). Di basiese onderliggende teoretiese kennis wat vereis word, word gewoonlik verkry deur minstens drie jaar se námatrifikulasiestudie of 'n langer tydperk praktiese onder-vinding.
Kliniekassistent.....	B3	'n Werknemer wat verbande aansit, basiese medisyne uitreik soos deur 'n medies bevoegde persoon gelas en wat aantekeninge hou van medisyne wat gebruik en van pasiënte wat behandel is.
Kompressorversorger.....	A3	'n Werknemer wat kompressors en vakuumenjins versorg, olie nagaan en aanvul en smeermiddels nagaan.
Bediener van betonmenger.....	A2	'n Werknemer wat 'n betonmenger bedien en toesien dat die bestanddele in vaste verhoudings in mengemmers gelaai word.
Vervoerbandbediener.....	A2	'n Werknemer wat 'n vervoerband of elevator bedien.
Kok (graad I).....	B1	'n Werknemer wat toesig hou oor koks (graad II) en/of kombuiswerkers en/of wat verantwoordelik is vir die bereiding en uitreiking van kos.
Kok (graad II).....	A3	'n Werknemer wat eenvoudige kos in grootmaathoeveelhede uit voorgeskrewe rantsoene kook en dit in voorgeskrewe hoeveelhede uitreik.
Verkoelersversorger.....	A2	'n Werknemer wat toesien dat die suiker wat van die koelkomme afval, bymekaar-gemaak en na die uitskotsmelters teruggevoer word om weer gesmelt te word, wat ook die waaiers na die fluïedbed reguleer en die dempers regstel en reguleer om die suiker af te koel.
Bediener van kruisdraer.....	A3	'n Werknemer wat 'n kruisdraer bedien wat suikerriet teen die vereiste spoed in 'n hoofdraer voer en wat die gryptoue trek om die suikerriet af te laai.
Meultoesighouer.....	B4	'n Werknemer wat die werking van die vergruisinginstallasie kontroleer. Dit behels toesig oor werknemers graad B3 en laer gegradeerde werknemers in 'n vergruising-installasie.
Versorger van kristalliseerhouers.....	A3	'n Werknemer wat die vloei van massecuite ("maskwiet") na die "centrifugals" reguleer en die massecuite verdun.
Cush-cush- of sapveselversorger.....	A2	'n Werknemer wat die sapveselsif versorg, verstoppings uit die weg ruim en toesien dat die sap nie oorloop nie.
Versorger van ontkolingsuitrusting....	B1	'n Werknemer wat drooggoondkole ontkool en wat ontkolingsuitrusting versorg.
Bediener van ontkerninstallasie.....	B1	'n Werknemer wat 'n ontkerninstallasie bedien om die veselbagasse te skei en wat die bagasse-tonnemaat opteken.
Bediener van 'n diffusiemasjien ("diffuser")	B2	'n Werknemer wat die diffusieproses van die paneelbord af bedien en kontroleer en wat toesig kan hou oor werknemers graad A by die diffusiewerksaamheid.
Versorger van 'n diffusiedraaikolktenk	A2	'n Werknemer wat 'n diffusiedraaikolktenk versorg en dit skoonmaak.
Diffusietoetser.....	A3	'n Werknemer wat die pH-, Brix- en temperatuurtoetse vir die diffusiewerksaamheid afneem.
Ry-instrukteur.....	B4	'n Werknemer wat verseker dat voertuigdrywers van die Maatskappy die regte ry-standaarde handhaaf en wat nuwe drywers onderrig.
Konkamassameter.....	A2	'n Werknemer wat verskillende spesialiteitsuikerprodukte voorberei vir versending in konkas deur die konkas vol te maak, te massameet en te merk.
Versorger van suikerdroërs (graad I)...	B1	'n Werknemer wat elevators, vervoerbande en 'n uitskotskroef bedien en sodoende die gerigte vloei van die suiker vir verwerking kontroleer, wat die suikergehalte nagaan, monsters neem, die temperatuur aanteken en aantekeninge maak van elke pan suiker wat gedurende die skof gedroog word.
Versorger van suikerdroërs (graad II)...	A2	'n Werknemer wat een of meer suikerdroërs versorg.
Stortwadrywer.....	A3	'n Werknemer wat 'n stortwa dryf.
Versorger van 'n suikerstofvanger.....	A2	'n Werknemer wat 'n suikerstofvanger versorg.
Werknemerkontroleur.....	B4	'n Werknemer wat nuwe werknemers in posisies plaas, wat die toepaslike registers byhou, met die afdelings oor werknemersake skakel en wat toesig kan hou oor 'n tydkantoor.
Kodeerder.....	B1	'n Werknemer wat rekenaarinvoergegewens kodeer.
Versorger van verdampingstoestelle...	A2	'n Werknemer wat 'n reeks outomaties beheerde verdampingstoestelle versorg, pompe en sapverwarmers aan- en afskakel, regstellings doen en ensiemoplossings berei.
Bediener van verdampingstoestelle (graad I)	B3	'n Werknemer wat 'n verdampingstasie, gewoonlik met meer as agt houe, bedien, bv. 'n dampontwikkelende voorverdampingstoestel, gevolg deur een of meer meer-voudige verdampingstoestelle.
Bediener van 'n verdampingstoestel (graad II)	B1	'n Werknemer wat een verdampingstoestel met meervoudige uitwerking bedien.
Filterversorger.....	A3	'n Werknemer wat verantwoordelik is vir die werking van druk-/vakuumfilters.
Bediener van 'n filterafvalstofinstallasie	A3	'n Werknemer wat spoorwegtrokke of vragmotors met filterafvalstof volmaak deur vervoerbande vir die doel in te stel.
Filterdoekhersteller (graad I).....	B1	'n Werknemer wat Johnson Press-filterdoeke, filtreersakke van outomatiese filters, kooldoeke, Rotex sokke en ander seildoekoortreksels herstel, met gebruikmaking van 'n stopmasjien.
Filterdoekhersteller (graad II).....	A2	'n Werknemer wat filterdoeke herstel.
Vurkhywadrywer (lig).....	B1	'n Werknemer wat 'n vurkhywa met 'n hyskrag van minder as vyf ton dryf.
Vurkhywadrywer (swaar).....	B2	'n Werknemer wat 'n vurkhywa met 'n hyskrag van vyf of meer ton dryf.
Suikersakstapelaar.....	A3	'n Werknemer wat lae gestapelde suikersakke volgens 'n bepaalde stelsel pak, en wat ook as leierwerknemer by die bou van stapels kan optree.

Werkbenaming	Graad	Omskrywing
Drywer van 'n voorlaaier.....	B1	'n Werknemer wat 'n ligte of medium voorlaaier dryf.
Smeeder.....	A3	'n Werknemer wat masjinerie olie en smeer, die werking van masjinerie waarneem en ooglopende foute aanmeld.
Drywer van 'n swaardiens voorlaaier..	B2	'n Werknemer wat 'n swaardiensvoorlaaier dryf.
Drywer van 'n swaardiens-/ekstra-swaardiensvragmotor	B2	'n Werknemer wat 'n voertuig van meer as nege ton B.V.M. dryf.
Swaarwieltrekkerdrywer.....	B2	'n Werknemer wat 'n swaarwieltrekker dryf.
Instrumentkaartwisselaar.....	B2	'n Werknemer wat instrumentkaarte byhou, wissel en liasseer.
Klopboorbediener.....	A2	'n Werknemer wat 'n druklugklopboor bedien en stene, beton en grond opbreek.
Johnson Press-handlanger.....	A2	'n Werknemer wat arbeidserswerk in die Johnson Press-seksie van 'n karbonatiseerstasie met die hand verrig.
Johnson Press-bediener.....	B1	'n Werknemer wat die Johnson Press-seksie van 'n karbonatiseerstasie versorg, die uitrusting bedien, registers byhou en toesig hou oor werknemers graad A in 'n karbonatiseerstasie.
Sapbereier.....	A3	'n Werknemer wat sapbereiding kontroleer deur middel van gereelde toetse en regstellings.
Bediener van sapverhitter.....	A3	'n Werknemer wat die vereiste temperatuur van sappe in sapverhitters in stand hou deur die temperatuurmeters te lees en die stoomtoevoerkleppe reg te stel.
Droogoondversorger.....	A2	'n Werknemer wat droë kole uit die oondvultregters verwyder deur elevators en vervoerbande te bedien.
Droogoondbediener.....	B1	'n Werknemer wat 'n aantal oliigestookte droogoonde teen bepaalde temperature bedien.
Kombuiswerker.....	A2	'n Werknemer wat help met die bereiding van kos en wat die kombuis skoonmaak.
Arbeider.....	A1	'n Werknemer wat enige ongeskoolde hande arbeid verrig.
Laboratoriumassistent.....	B4	'n Werknemer wat, onder toesig van 'n chemikus, in beheer is van laboratoriumwerkers, wat spesiale toetse uitvoer en die resultate van toetse ontleed, opteken en opsom.
Laboratoriumversorger.....	A3	'n Werknemer wat onder toesig van 'n toetser op roetinegrondslag sappe filtreer en/of eenvoudige voorbereidingswerk doen.
Laboratoriummassakontroleur.....	B2	'n Werknemer wat monsters uit die verpakkingsmasjien se massameter neem en toepaslike grafieke en opsommings berei.
Wasseryversorger.....	A3	'n Werknemer wat oorpakke en ander klere wat aan werknemers uitgereik word, was en stryk, met gebruikmaking van elektriese of meganiese wasseryuitrusting.
Leierwerknemer.....	A3	'n Werknemer wat 'n leier- werkende lid is van 'n groep werknemers graad A en wat toesig hou oor aspekte van die werk.
Leierlaboratoriumassistent.....	B1	'n Werknemer wat roetinemonsterbereidingswerk verrig, wat verantwoordelik is vir die skoonhou van uitrusting, wat toesig kan hou oor monsternemers, elke uur aflesings in die fabriek doen en die toetsresultate opplak.
Drywer/chauffeur van 'n ligte/medium motorvoertuig	B1	'n Werknemer wat 'n voertuig van minder as nege ton B.V.M. dryf.
Drywer van ligtwieltrekker.....	B1	'n Werknemer wat 'n ligtwieltrekker dryf.
Kalkoondbediener.....	A3	'n Werknemer wat kalk in die kalkoond voer en dit daaruit neem.
Versorger van kalkinstallasie.....	A3	'n Werknemer wat ongebluste kalk tot die vereiste digtheid met water meng deur kalkvoerskroewe, die kalkblusser, roerders en pompe te bedien, en wat die flodder na 'n opgaartenk pomp en die uitrusting skoonmaak en/of smeer.
Versorger van 'n "liquor gallery".....	B2	'n Werknemer wat die vloei van behandelde stroop en stroop na die koolhuis via kleppe en pompe reguleer.
Lokomotiefdrywer.....	C1	'n Werknemer wat 'n stoom-, elektriese of diesellokomotief dryf en wat in besit is van 'n bevoegdheidsertifikaat van die S.A.S. en H.
Bediener van hoofdraer van suikerriet.	A3	'n Werknemer wat die vervoerband van 'n hoofdraer van suikerriet bedien, wat die riet by hulp- of kruisdraers ontvang en dit teen wisselende snelhede aan meule voer ooreenkomstig die vasgestelde voertempo.
Onderhoudswerker.....	B3	'n Werknemer wat nie 'n ambagsman is nie maar wat minstens drie jaar ondervinding as assistent-onderhoudswerker het en wat onder toesig van 'n ambagsman die minder geskoolde werksaamhede van 'n ambagsman kan verrig. Die omvang van die werk van 'n onderhoudswerker word in subklousule (5) uiteengesit.
Merker/Sjabloneerder.....	A2	'n Werknemer wat merke, name of adresse op suikerpakkies sjabloneer.
Massametermasiener.....	A3	'n Werknemer wat vol suikersakke op 'n monstergrondslag massameet om seker te maak dat hulle binne die vasgelegde toleransies is en afwykings aanmeld.
Bediener van massameetbrug.....	A3	'n Werknemer wat 'n massameetbrug bedien.
Massameterversorger.....	A2	'n Werknemer wat massameters in 'n verpakkingstasie uitmekaarhaal en skoonmaak.
Massameterdiensman.....	B2	'n Werknemer wat massameters in 'n verpakkingstasie skoonmaak, smeer en regstel.
Drywer van 'n meganiese skopgraaf...	B1	'n Werknemer wat 'n meganiese skopgraaf dryf.
Smeltversorger.....	B1	'n Werknemer wat al die uitskotsuiker weer smelt en die toevoer afsonderlik massameet en opteken.
Bode.....	A2	'n Werknemer wat boodskappe aflewer, roetine-liasseerwerk doen, pos sorteer en aflewer en wat verversingsdranke kan bedien en skoonmaakwerk kan verrig.
Meulenjiversorger.....	A3	'n Werknemer wat een of meer stoom- of elektriese turbines versorg wat 'n vergruisings-eenheid aandryf en wat vanaf 'n hoofpaneel beheer word.
Meuljenbediener.....	B1	'n Werknemer wat die spoed van een of meer stoom- of elektriese turbines beheer wat 'n vergruiser aandryf om aan te pas by die wisselende toevoer van riet en om te voorkom dat die vergruisers oorlaai word. Sy take kan insluit die nagaan van laers, temperature, drukmeters en oliestand.
Meulplatformbediener.....	B1	'n Werknemer wat die spoed van meulrollers vanaf die meultreinkontrolekamer reguleer om aan te pas by die wisselende toevoer van riet.
Meulrollerhergroewer.....	B3	'n Werknemer wat onder toesig van 'n ambagsman rollers in 'n draaibank opstel; snygereedskap slyp en in die beitelhouer vassit; die rollers afskil; die rollers afmerk en hergroef en dit volgens merke, patrone of mate draai.
Meulrollerboogseiser.....	A2	'n Werknemer wat rollertande grof maak, met gebruikmaking van 'n boogseismasjien.
Mengelaarversorger.....	A2	'n Werknemer wat 'n ononderbroke toevoer van rusuiker aan 'n mengelaar handhaaf en wat 'n stroopdoseerstelsel met die hand bedien indien die outomatiese stelsel onklaar raak.
Meulwerflokomotiefdrywer.....	B3	'n Werknemer wat 'n stoom-, elektriese of diesellokomotief binne die grense van 'n meulwerf dryf hoofsaaklik om suikerriettrouke te rangeer.

Werkbenaming	Graad	Omskrywing
Mengerversorger.....	B1	'n Werknemer wat massecuite ("maskwiet") van panne na mengers afvoer en die massecuite-toevoer na die vultregters en "centrifugals" handhaaf.
Loopkraandrywer.....	B2	'n Werknemer wat 'n loopkraan dryf.
Versorger van 'n melassetenk.....	A2	'n Werknemer wat die tenkstande in stand hou, met gebruikmaking van pompe.
Bediener van 'n grassnyer.....	A2	'n Werknemer wat 'n kragaangedrewe grassnyer bedien.
Bediener van 'n multidraer.....	B1	'n Werknemer wat die spoed van kruis-, hulp- en hoofdraers van 'n beheertoring af kontroleer om aan te pas by die vereiste riettoevoerspoed.
Olieherwiner.....	B2	'n Werknemer wat toesig hou oor die smeer van enjins en ratte, wat meganiese smeermiddels herstel, herwonne olie volgens soort opvang en suiwer en wat die uitreiking van ligte en gesuiwerde herwonne olie kontroleer.
Oorpakhersteller.....	A3	'n Werknemer wat oorpakke en ander kledingstukke herstel, met gebruikmaking van 'n naaimasjien.
Bediener van 'n bobaankraan (graad I)	B2	'n Werknemer wat 'n driedimensionale bobaankraan bedien en wat volgens fyn toleransies met handseine werk.
Bediener van 'n bobaankraan (graad II)	B1	'n Werknemer wat 'n driedimensionale bobaankraan bedien om bondels riet of ander materiaal op te lig, te laai of neer te sit, met gebruikmaking van stroppe, kettings of grypverskuiers waar net ruwe toleransies vereis word.
Versorger van suikerverpakkingsmasjien	A3	'n Werknemer wat 'n suikerverpakkingsmasjien versorg.
Bediener van snelverpakkingsmasjien	B2	'n Werknemer wat 'n snelverpakkingsmasjien bedien wat suiker in selfoopmaaksakke of ander houers verpak en wat verantwoordelik is vir die korrekte massameting.
Verpakkingsstoesighouer.....	B4	'n Werknemer wat in beheer is van 'n skof in die verpakkingstasie, wat toesien dat die masjiene doeltreffend werk, wat werk uitdeel aan werknemers graad B3 en laer gegradeerde werknemers in 'n verpakkingstasie en wat die betrokke registers byhou.
Palettersteller.....	A2	'n Werknemer wat palette herstel en vervang.
Panversorger.....	A3	'n Werknemer wat pankleppe onder toesig van 'n pankoker in volgorde oop- en toemaak, monsters neem, gis met hoëtoets-molassestroop kan meng en vermeng, die pompe kan aanskakel en kan help om 'n pan gereed te maak.
Pankoker.....	B5	'n Werknemer wat in beheer is van 'n panvloer, wat daarvoor verantwoordelik is om alle bedryfstake uit te voer vir die herwinning van suiker uit stroop en om registers by te hou.
Panwerker.....	A2	'n Werknemer wat ongeskoolde take op 'n panvloer uitvoer.
Panhuistoetsighouer (slegs by 'n raffinadery)	B4	'n Werknemer wat toesig hou oor werknemers graad B3 en laer gegradeerde werknemers en wat die betrokke produksieregisters byhou.
Paneelbediener.....	B1	'n Werknemer wat die bediener van die diffusie-apparaat help om die diffusieproses van die paneelbord af te beheer.
Versorger van 'n papierbaalmasjien...	A2	'n Werknemer wat 'n masjien versorg wat afvalpapier wat weggedoen moet word, baal.
Drywer van 'n loonvragwa/spoorweg-trokverskuiwer	B1	'n Werknemer wat 'n loonvragwa of spoorwegtrokverskuiwer dryf.
Pypbekleër.....	A3	'n Werknemer wat bekleding aan pype en houers aanwend en wat vooraf gevormde plaatmetaal aan die bekleding se buitekant kan aanbring.
Kragstasieversorger.....	B3	'n Werknemer wat in beheer is van skofte, wat turbines en generators versorg en onder toesig van die skoftoesighouer meterlesings opteken.
Drukmasjienbediener.....	B2	'n Werknemer wat druk- en kopieeruitrusting bedien.
Prosesassistent.....	C1	'n Werknemer wat klerklike werk verrig, toesig hou oor die laboratoriumwerksaamhede, met inbegrip van die laboratoriumpersoneel, fabrieksverslae en monsterneming, en wat met ander afdelings skakel.
Produksieversorger.....	B3	'n Werknemer wat kookoplostoestelle, verdampstoestelle, drukkokers, stroopsuikerinstallasies, suikerblaastoestelle en strooptoevoerstelsel bedien om spesialeit-suikerprodukte te produseer.
Pompversorger (graad I).....	A3	'n Werknemer wat 'n reeks pompe versorg of in beheer is van 'n klein pomphuis en wat eenvoudige onderhouds- en smeerwerk verrig.
Pompversorger (graad II).....	A2	'n Werknemer wat pompe versorg, die waterstand dop, kleppe bedien en wat smeer waar nodig.
Pomphuisbediener.....	B2	'n Werknemer wat in beheer is van 'n fabriek se pomphuis.
Gehaltekontroleur.....	B2	'n Werknemer wat toesien dat die uitrusting wat gebruik word by die vervaardiging van droëspesialiteitsprodukte doeltreffend werk, wat die gehaltekontroles nagaan, monsters na die fabriek stuur en toesig hou oor werknemers graad A in die droëspesialiteitsafdeling.
Spoorverkeerkontroleur.....	B1	'n Werknemer wat 'n verkeerbeheertoring bedien en registers byhou van alle spoorverkeer.
Baalmasjienversorger.....	A2	'n Werknemer wat beskadigde baalmasjiene met die hand oopmaak, die inhoud in 'n sortexmasjien voer en/of die pakkies suiker weer in sakkies van verskillende baalmasjiengroottes sit.
Herwinningstoesighouer.....	B4	'n Werknemer wat toesig hou oor die werksaamhede van die herwinningseksie.
Reguleringsversorger.....	A2	'n Werknemer wat die vloei van suiker na die voorverpakkingsmasjien reguleer.
Drywer van 'n padveër.....	B1	'n Werknemer wat 'n padveër dryf.
Rotexkamerbediener.....	B1	'n Werknemer wat die suikertoevoer reguleer na die opgaarbakke wat die kleppak- en ander masjiene voer, wat die stand in die opgaarbakke in stand hou en vervoerbande bedien.
Monsterdraer.....	A1	'n Werknemer wat monsters van produkte op 'n roetine grondslag neem en die monsters aflewer.
Monsternemer.....	A2	'n Werknemer wat monsters uit voorgeskrewe bronne neem en hulle aan die laboratorium besorg.
Monsteroptekenaar.....	A3	'n Werknemer wat monsters meet, met gebruikmaking van die toepaslike instrumente, en wat die lesings vir die toetser opteken.
Sanitasiewerker.....	A2	'n Werknemer wat verstopte rioolpype met stange skoonmaak, slykbakke en emmerlatrines skoonmaak en afval verbrand.
Versadigerversorger (E, "saturator")..	A3	'n Werknemer wat karbonatiseerversadigertens, verdampers en selfverdampingstowwe versorg en monsters neem vir pH- en Brixtoetse.
Bromponiebede.....	B1	'n Werknemer wat briewe en pakkies in 'n stedelike gebied op 'n bromponie of motorfiets aflewer en wat roetine-onderhoudswerk aan die bromponie verrig.
Sifversorger.....	A2	'n Werknemer wat toesien dat die materiaal op die regter manier deur die sif vloei en wat siewe skoonmaak en was.

Werkbenaming	Graad	Omskrywing
